

Gekoesterde liggame: 'n Ondersoek na die WG De Haas anatomiestudiebron se patalogieversameling, tegniese aspekte en perspektiewe vir bewaring

RN Greyling, M Loubser

Skool vir die Kunste, Departement Geesteswetenskappe, Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika

Korresponderende outeur: Rozelle Greyling **E-pos:** rozellegreyling@gmail.com / u18170022@tuks.co.za

Treasured bodies: An examination of the WG De Haas anatomy study resource's pathology collection, technical aspects and perspectives for conservation: This research investigated the relevance of fluid-preserved collections in clinical education, as increasing cadaver shortages highlight preservation needs. Changing utilisation patterns, knowledge, and preservation skills are investigated as causes for decline. As a case study pathology specimens from the University of Pretoria's WG De Haas anatomy study resource, were examined.

Hierdie studie beklemtoon die historiese waarde van vloeistofbewaarde versamelings in die konteks van wetenskap en geneeskunde. In mediese onderwys en praktyk speel vloeistofbewaarde versamelings, spesifiek met betrekking tot patologie, 'n onskatbare rol in die vestiging van die grondslag vir die begrip van patogenese, prognose en behandeling.

Vir effektiewe onderrig en kliniese praktyk het die huidige tekort aan menslike kadawers in mediese instellings, die bewaring van kadawerversamelings, wat argeologiese, anatomiese, en patologiese nat monsters insluit, 'n dringende noodsaaklikheid gemaak. Ten spyte van die toenemende belangrikheid en waarde van vloeistofbewaarde versamelings as 'n anatomiehulpbron in onderrig en navorsing, is hul gebruik gedurende die afgelope paar jaar drasties verminder. Dit is gedeeltelik te wyte aan die opkoms van webgebaseerde leer, gemengde werklikheid tegnologiese toepassings, anatomiemodelle en inligtingstegnologie. Verder het finansiële beperkings asook beperkings in ruimte en die berging van kadawerversamelings ook tot 'n afname in die gebruik van monsters gelei. Daarbenewens het etiese en kulturele bedenkinge oor menslike kadawerversamelings en -uitstallings ook tot 'n afname in die gebruik van menslike oorskot gelei. Die gevolg was 'n agteruitgang in die toestand van versamelings en die gelyktydige verdwyning van die verspreiding van kennis, dokumentasie en vereiste bewaringsvaardighede. Dit is 'n uitkoms wat in baie instellings materieel duidelik geword het, aangesien anatomiemateriale, wat binne 'n vinnig veranderende omgewing toenemend belangrik geword het, aan wisselende siklusse van gebruik onderwerp word. Gevolglik het hierdie hulpmiddels geleidelik historiese rekwisiete geword – die erfenis van vorige anatomie kundiges maar wat geen duidelike relevansie of plek in kontemporêre instellings vandag blyk te hê nie.

In die lig van hierdie konteks, is die doel van hierdie navorsing om die "oorblywende anatomiese materiale van die verlede" te ondersoek as kontemporêr en direk relevant vir huidige anatomiepraktisyns, navorsing, en onderrig binne die diskoers van wetenskap en geneeskunde. Materieel geleë en institusioneel geverifieer, het hierdie studie ondersoek ingestel na die waarde en langtermynbewaring van anatomiese materiale binne anatomie-uitstallings, met spesifieke fokus op patologiese vloeistofbewaarde versamelings. As 'n gevallestudie is 'n tegniese ontleding van geselekteerde patologiese monsters van die Universiteit van Pretoria se W.G. De Haas anatomiestudiebron uitgevoer.

Om die monsters beter te kategoriseer en hul materieelheid te verstaan, het hierdie navorsing die monsters deur verskeie historiese, beeldvormings- en analitiese tegnieke ondersoek en dokumenteer. Hierdie tegnieke het herkomsnavorsing, waarnemende ondersoeke, fotografiese en analitiese tegnieke soos X-straal fluoresensiespektroskopie en mikroskopie ingesluit. Die resultate van hierdie nie-vernietigende metodes verskaf verdere insig in die opvoedkundige en historiese belangrikheid van die geselekteerde monsters en die studiebron as 'n geheel. Verder dra die resultate by tot die uitbreiding van die beperkte kennis wat beskikbaar is oor vloeistofbewaring in Afrika asook die voortsetting van die bewaring van vloeistofbewaarde versamelings binne die dissiplines van Geneeskunde en Dierkunde, binne die studieveld van erfenisbewaring.

Nota: 'n Seleksie van referaatopsommings: Studentesimposium in die Natuurwetenskappe, 23-24 Oktober 2023, Universiteit van Pretoria. Reëlingskomitee: Prof Rudi Pretorius (Departement Geografie, Universiteit van Suid-Afrika); Dr Hertzog Bisset (Suid-Afrikaanse Kernenergie-korporasie); Dr Jean van Laar (Sentrum vir Navorsing en Voortgesette Ingenieursontwikkeling, Noordwes-Universiteit); Prof Marilé Landman, Dr Danie Pienaar en Dr Frikkie Malan (Departement Chemie, Universiteit van Pretoria); Mnr JW Hurter (Departement Plant- en Grondwetenskappe, Universiteit van Pretoria).